MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

10 Mei 2021

Beste Ouers

OB 12 MONTIE-MALL PROJEK 2021

Verlede jaar het ons met die Montie-Mall fondsinsamelingsprojek voortgebou omdat ons glo ons moet ons eie gemeenskap ondersteun en dat hierdie 'n ideale geleentheid is daarvoor. Die projek was weer 'n reuse sukses ten spyte van die jaar se uitdagings. Ons wil dit vanjaar weer aanpak om weereens ons plaaslike besighede te ondersteun.

Ons deel vandag aan elke leerder drie bestelvorms uit. Ons vra asseblief al ons ouers se samewerking met die verkoop van die produkte. Ons mikpunt is R100 000 se verkope. Om hierdie teiken te behaal moet elke leerder asseblief probeer om R250 se produkte te verkoop. Ons het in 2020 R142 418 se verkope gehaal en hiervan was 'n goeie deel wins vir die skool. Kom ons poog om vanjaar hierdie kerf verby te steek. Daar is deurlopend lekker pryse te wen vir leerders. Ons sperdatum is Vrydag, 4 Junie 2021.

Reëlings vir die veilige hantering van bestellings is soos volg:

- Gebruik een bestelvorm per kliënt. Moet asseblief nie meer as een persoon se bestelling op dieselfde vorm plaas nie. Daar is nog baie bestelvorms beskikbaar by die kantoor.
- Vul asb. die vorm in met leerder se naam en klas, asook besonderhede van die koper. Alle gelde moet verkieslik deur EFT in die skool se bankrekening inbetaal word. Plaas bestelling plus kontant of bewys van betaling in 'n geseëlde koevert en stuur skool toe. Bestellings sal in die klas ingeneem word. Geld moet saam met bestellings inkom. **Gelde moet korrek wees – geen kleingeld kan gegee word nie.**
- Bring asseblief vorms terug skool toe sodra dit ingevul is. Daar is daagliks lekker pryse op die spel!
- Wanneer ons bestellings gereed kry vir aflewering sal die nodige sanitering plaasvind en Covid-19 protokolle sal gebruik word met die uitdeel van pakkies.

Kom ons maak van hierdie plaaslike fondsinsamelingsprojek 'n spanpoging. Baie dankie vir elkeen se samewerking. Onthou dis 'n fondsinsameling waar elkeen 'n wenner is; kopers kry waarde vir geld met die koop van kwaliteit produkte, terwyl hul terselfdertyd 'n goeie doel ondersteun – u kind se skool.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof: Laerskool Montagu

Lizanne van Eeden
Beheerliggaam: Fondsinsameling